

Jaarverslag:

*Success is not
final;*

*Failure is not
fatal;*

*It is the courage
to continue that
counts.*

Winston Churchill





VOORWOORD TOT DIE 2021 JAARVERSLAG

'n Skool se bestaansrede is om kinders akademiese en vaardighedsopleiding in die klas te bied, fisies en emosioneel op die sportveld en kultuurakker, te ontwikkel die holistiese ontwikkeling van elke kind deur middel van gesonde dissipline en die ontwikkeling van 'n gesonde waardesistiem. Akademiese voortreflikheid staan dus elke dag sentraal by ons skool. Ek is trots om te rapporteer dat ons vanjaar op vele terreine in hierdie doelwitte geslaag het.

AKADEMIE

Matriekuitslae

Die skool het in Februarie 2021 met goeie matriekuitslae vir 2020 weggespring. Ons het 'n slaagsyfer van 91.5% gehad wat onder omstandighede bevredigend was. 87 van die 94 matrieks het geslaag met toelating tot tersiêre studies:

Vlak van slaag	2018	2019	2020
Baccalareuskursusse	42 %	60.2 %	53.7%
Diplomakursusse	43 %	24.7 %	29.3%
Sertifikaatkursusse	7 %	8.6 %	8.5%

Dit maak ons opgewonde dat die kwaliteit van ons leerders se uitslae mooi verbeter het in terme van die aantal leerders wat toelating tot Baccalareuskursusse het. Ons matrieks wat verder gaan studeer of gaan werk, presteer baie goed en dit is 'n bewys van die kwaliteit onderrig en opvoeding wat u kinders by Hoërskool Sand du Plessis ontvang. Ons leerders is in aanvraag in die arbeidsmark, juis as gevolg van hulle werksetiek en die waardes wat ons skool uitleef.

Die gr. 12-klas van 2020 het hulle matriekjaar onder uiters moeilike omstandighede voltooi. Die impak van die Covid-19-pandemie was geweldig groot. Ons leerders het ten spyte van hierdie spanningsvolle en uitdagende omstandighede baie goed gepresteer.

Tegniese baan en beroepsopleiding

Ons tegniese baan groei elke jaar met rasseskrede. Ons eerste matriekgroep het verlede jaar reeds gr. 12 voltooi en elke jaar is daar net meer en meer leerders wat kies om die tegniese baan te volg. Daar is reeds 'n groep van sowat dertig leerders wat in 2022 in gr. 10 die tegniese baan gaan volg. Ek kan nie die noodsaaklikheid van 'n geleentheid om 'n tegniese kursus beskikbaar te hê, as deel van ons skool se kurrikulum, genoeg beklemtoon nie. Sowat 80% van leerders in lande soos Duitsland volg reeds op skool 'n tegniese kurrikulum. Ons almal weet hoe sterk Duitsland se ekonomie en die kwaliteit van hulle produkte is. Die situasie in Suid-Afrika is presies die teenoorgestelde en ons almal weet in watter toestand ons ekonomie is. Ek dink dit het tyd geword om te besef dat almal nie dokters, prokureurs en rekenmeesters kan word nie, maar dat daar mense moet wees wat bereid is om hulle hande vuil te maak sodat ons ekonomie kan begin groei. Ek sluit vakke by ons skool soos Verbruikerstudie, RTT en Toerisme in as vakke wat leerders praktiese vaardighede leer en wat in die werkplek sinvol aangewend kan word. Ons skool bied tans die volgende tegniese vakke aan: Elektrisiënswerk, Boukonstruksie, Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap. Ingenieursgrafika en Ontwerp is 'n verpligte vak vir hierdie leerders.

Dit is baie belangrik om te onthou dat ons skool die enigste skool in die stad is wat hierdie tegniese vakke in Afrikaans aanbied. Dit gee ons skool 'n unieke karakter en toegang tot 'n eksklusiewe nismark wat geen ander Afrikaanse skool kan bied nie. Die tegniese kurrikulum is beslis nie 'n maklike kurrikulum nie en die leerders moet regtig hard werk om sukses te behaal, maar die vrugte wat hulle sal pluk, sal ongetwyfeld stroopsoet wees.



Die akademiese baan word ook hoegenaamd nie afgeskeep nie en dit is lekker om te sê dat 'n groot getal van ons onderwysers as merkers en senior merkers vir die gr. 12-eindeksamenvraestelle aangestel is. Die akademiese baan berei leerders net so goed voor vir verdere studie of om tot die arbeidsmark toe te tree.

PARALLELMEDIUMPROJEK

Die parallelmediumprojek het vanjaar goed afgeskop. 35 Engelssprekende leerders is tot die skool toegelaat. Ons is baie opgewonde oor die kwaliteit van hierdie groep leerders. Die inskakeling van die groep in die skool het seepglad verloop. Hierdie klas is ook ongetwyfeld die sterkste akademiese klas in gr. 8.

Ons het vanjaar meer as 200 aansoeke ontvang van Engelssprekende leerders. Ons gaan twee klasse van 32 leerders in 2022 toelaat. Hierdie groep het almal 'n gemiddeld van meer as 70% gedurende die laerskole se Junie-assessering behaal.

SPORT EN KULTUUR

Ons buitemuuse aktiwiteite het in 2021 tot stilstand geknars as gevolg van die tweede en derde golwe van die Covid-19-pandemie. Ons het probeer om die aktiwiteite aan die gang te kry, maar die streng saniterings- en sosiale afstandreëls het dit onmoontlik gemaak.

Daar sal 'n geweldige poging deur ouers, onderwysers en leerders in 2022 moet wees om die buitemuuse program van ons skool weer aan die gang te kry. Kinders het sport- en kultuur-aktiwiteite vir hulle fisiese en geestelike gesondheid nodig.

Sagte vaardighede soos werk onder druk, spanwerk en vasbyt, word aan kinders op die sportveld en by kultuuraktiwiteite geleer. Dit is kritiese vaardighede wat elke mens wat 'n suksesvolle loopbaan wil najaag, moet hê

Ek versoek dus dat u as ouers ons hierin moet ondersteun.

KUNSKOMPETISIE 2021

Ons leerders het aan die St. Micheal's Art Competition deelgeneem. Dit was die eerste jaar dat ons daaraan deelgeneem het en ons is baie trots op ons leerders se uitslae:

Breyton Mcharlies	A++
Warren Johns	B
Wezlin Brown	A+

ATKV-SANDTRAPPERS

Ons tak het in Augustus 2021 een van ons projekte nl. "Idiome Pasmaats" onder die Taalafdeling van die ATKV-Kompetisie ingeskryf. Ons het puik gevaar. Daarmee het ons 'n kontantprys van R3500 gewen.



PROVINSIALE VERTEENWOORDIGERS

Die volgende spelers is in verskeie provinsiale spanne ingesluit:

- **Netbal:**
 - **Vrystaat 0/18:** Faith Sisita.
- **Blackball (Cue Masters Arnold Classic)**
 - Annalene Booyens, gr. 12AH, het die naweek van die 14de Mei 2021 in Gold Reef City aan die Cue Masters Arnold Classic 9-Ball gaan deelneem en het 'n derde plek behaal.

BEHEERLIGGAAM EN SANDOK

My dank gaan in besonder aan die Beheerliggaam van ons skool en Sandok wat te alle tye agter my en die skool in 2021 gestaan het. Dames en here, lede van die Beheerliggaam en Sandok, baie dankie daarvoor!

Sandok, as ouerkomitee onder leiding van mev. Marlize Atkinson, lewer diens van onskatbare waarde deur fondse vir die skool in te samel deur onder andere die verhuring van die lapa te bestuur. Alle fondse wat ingesamel word, word direk teruggeploeg in die skool en sy leerders. Verskeie leerders is bv. geldelik ondersteun om deel te kon wees van verskeie provinsiale spanne in rugby en netbal.

PERSONEEL

Ek wil ook die personeel en die bestuurspan, in besonder mnr. Groenewald, hartlik bedank vir baie ure se harde werk om Sannies net beter en beter te maak. Julle is voorwaar 'n voortreflike span!

FINANSIES

Ons skool se finansies is onder beheer, maar daar is beslis ruimte vir verbetering. Baie dankie aan elke ouer wat getrou hulle kinders se skoolgeld betaal. Dit maak ons taak baie makliker.

Ek herinner u aan die begrotingsvergadering vir 2022 se begroting wat sal plaasvind op Maandag, 8 November, om 17:30 in die skoolsaal.

IN MEMORIAM

Dit was met groot hartseer dat die skool drie persone aan die dood moes afstaan as gevolg van die Covid-19-pandemie

1. Oom Piet du Plessis (Busbestuurder)
2. Mnr. Rudi Louw (Tesourier van die beheerliggaam)
3. Ivone Cronje (Gr. 10-leerder)

Ons is ook bewus van verskeie leerders wat geliefdes aan die dood afgestaan het tydens die pandemie.

Ons eer al hierdie afgestorwenes se nagedagtenis.



EINDEKSAMEN 2021

Die eindeksamen vir gr. 12 begin Woensdag, 27 Oktober en die gr. 8 – 11-eksamen begin kort daarna. Die gr. 8 – 9-leerders se eindeksamen tel 60% en die gr. 10 – 12-leerders se eindeksamen tel tussen 50 – 75% afhange van die vak 'n PAT het of nie. Elke kind in hierdie skool kan dus nog met baie harde werk sy/haar akademiese jaar met groot sukses afhandel. Ek is baie opgewonde oor ons leerders wat hulle gemiddelde punt dramaties verhoog het van die Junie- na die Septembereksamen. 'n Geliefde gesegde van my kom van Gary Player: "The more you practise, the luckier you get."

SKOOLHOOF GROET SANNIES

Die skool het u reeds op 1 Oktober ingelig dat ek Hoërskool Sand du Plessis aan die einde van die jaar verlaat om die pos as skoolhoof van Hoër Landboukool Oakdale in Riversdal in die Suid-Kaap te betree.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u as ouers te bedank vir u ondersteuning aan my die afgelope sewe jaar en vir die feit dat u u kosbaartste besitting, u kind, aan my en my personeel toevertrou het.

Mnr. Groenewald is reeds aangestel as waarnemende skoolhoof totdat die pos gevul kan word. Mnr. Groenewald en die skool se bestuurspan is uiters bekwaam om leiding te neem om die skool deur hierdie oorgangsfase te begelei. Die skool is gerat vir die toekoms en gaan in die komende jare baie groei.

Sannies sal altyd 'n spesiale plek in my hart hê. Ek het hier gematrikuleer en het die voorreg gehad om sewe jaar as skoolhoof te dien.

TEN SLOTTE

Ons skool staan voor vele uitdagings en bedreigings van vele fronte. Ek en die skool het elke ouer of voog se ondersteuning en betrokkenheid broodnodig om ons skool en sy leerders te beskerm en op te bou. Die skool moet 'n verlengstuk wees van die huis. Dieselfde waardes wat u kind by die huis geleer word, word ook daagliks by die skool ingeprent. Ek nooi u uit om ons vennoot te wees in die opvoeding en opleiding van u kind vir 'n suksesvolle lewe as volwassene in ons pragtige land. Ek sluit af met die beroemde aanhaling van pres John F. Kennedy: "Do not ask what your country can do for you, but ask what can I do for my country!"

Moenie vra wat kan Hoërskool Sand du Plessis vir my doen nie, maar vra wat kan ek vir Hoërskool Sand du Plessis doen.

Met dank

Willem du Buisson
Skoolhoof